

Wiskunde-opknappkursus

Inligting elektronies beskikbaar by die skakel (<https://goo.gl/FQhbQ6>)

Wat is die motivering vir die opknappkursus?

Die dosente by die NWU probeer voortdurend om hul diens aan studente te verbeter. Die afgelope paar jaar ondervind studente al meer probleme met die oorgang vanaf die skool na die universiteit, veral wat betref Wiskunde. Gevolglik het die Skool vir Wiskundige Wetenskappe besluit om die opknappkursus vanaf 2011 verpligtend te maak vir hoofstroomwiskundestudente.

Wie moet die opknappkursus bywoon?

Alle bona fide eerstejaarstudente, wat inskryf vir programme wat die module MTHS111, MTHS114, MATH111 of WSKT122 bevat, moet die opknappkursus loop. Dit beteken dat alle ingenieurs- en BWI-studente, BSc.- en BA-studente wat die modules MTHS111 of MTHS114 neem, en BEd-studente (Snr/VOO) wat Onderwyswiskunde as hoofvak neem of Tegnologie Onderwys, moet die kursus bywoon. Sien die ingeslote lys van programme wat die modules MTHS111, MTHS114, MATH111 of WSKT122 bevat. Studente wat die module MTHS111, MTHS114, MATH111 of WSKT122 herhaal, BCom-studente wat MTHS112/123 loop en BSc studente wat MTHS113 loop, is vrygestel van die opknappkursus. Studente wat MTHS111, MTHS114 of MTHS111 herhaal, word egter sterk aanbeveel om die kursus by te woon.

Wanneer word die opknappkursus aangebied?

Die opknappkursus word in die R&O-tyd aangebied met die toestemming en samewerking van die studentedekaan, ASV-lede van die onderskeie akademiese vakverenigings en die HK-lede van die onderskeie koshuise. Let op dat die tye vir die opknappkursus so gekies is dat dit nie sal inmeng met belangrike aktiwiteite gedurende die R&O-tyd nie. Die kursus word aangebied in die lesingslokale van E8 (J Chris Coetzee gebou), Potchefstroomkampus, NWU en die presiese datums en tye sal deurgegee word sodra dit bekend is.

Waar kry ek studiemateriaal vir die opknappkursus?

Elke student wat registreer vir die Opknappkursus ontvang by die aanvang van die kursus 'n spesiaal saamgestelde werkboek waarin geskryf kan word. Die werkboek sal ook elektronies beskikbaar wees vir studente wat op 'n tablet wil werk.

Wat is die koste vir die opknappkursus?

Die kostes vir die kursus beloop R450 en sluit die koste van die werkboek in. Die bedrag sal outomaties by die studenterekeninge van die betrokke studente gevoeg word.

Watter onderwerpe word in die opknappkursus gedek?

In die opknappkursus word die volgende onderwerpe gedek: oplos van eksponensiële en logaritmiëse vergelykings, oplos van trigonometriëse vergelykings in radiale, absolute waarde funksie, limiete en kontinuïteit, grafieke van polinome en rasionale funksies.

Wie mag vrystelling van die opknappkursus ontvang?

Slegs studente wat 80% behaal vir 'n voortoets wat op die eerste dag van die kursus geskryf word, is vrygestel van die opknappkursus. Alle ander studente is verplig om die opknappkursus by te woon. Die toets sal gedurende die Registrasie- en Oriënteringsperiode geskryf word in die lesingslokale van E8 (J Chris Coetzee gebou), Potchefstroomkampus. Alle studente meld aan in die voorportaal van E8 (J Chris Coetzee gebou). Bring 'n HB potlood en uitveër saam (sakrekenaar is opsioneel). In die toets word sekere basiese wiskundige begrippe/idees/konsepte wat reeds op skool geleer is en belangrik is vir Wiskunde op universiteitsvlak, getoets. Spesifieke voorbereiding vir die toets is nie nodig nie.

Wat kan nog gedoen word om voor te berei vir Wiskunde op universiteitsvlak?

'n Wiskunde oorlewingsgids, *Math Review Manual* van McMaster Universiteit, is elektronies beskikbaar op die internet by die skakel <http://ms.mcmaster.ca/lovric/rm.html>. Hierdie gids sal jou help om beter voorbereid te wees vir Wiskunde op universiteitsvlak en is baie handig om byderhand te hê gedurende die verloop van die jaar. Lees veral die inleidende gedeelte van die gids.

Wie kan ek kontak vir enige ander navrae?

Natuurwetenskappe en Ingenieurswese: Mariette Hitge mariette.hitge@nwu.ac.za of 018 2992579

Opvoedkunde: Annalie Roux annalie.roux@nwu.ac.za of 018 2991895

Studente wat toegelaat is tot die volgende programme moet die opknappkursus bywoon:

- Fakulteit Ingenieurswese (ASV Ingenium) (E8 G42, English E8 G01)
 - Chemies (7CG K01 - I421P)
 - Chemies en Mineraalprosessering (7CG K02 - I422P)
 - Elektries en Elektronies (7CN K01 - I423P)
 - Rekenaar en Elektronies (7CH K01 - I424P)
 - Elektromeganies (7CL K01 - I425P)
 - Meganies (7CJ K01 - I426P)
 - Bedryf (7CK K01 - I427P)
- Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
 - ASV Scientae (E8 G34, English E8 G01)
 - Chemie en Fisika (2FF H05 - N301P)
 - Chemie, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (2FF H22 - N301P)
 - Fisika en Wiskunde (2FF H23 - N301P)
 - Fisika en Toegepaste Wiskunde (2FF H24 - N301P)
 - Fisika en Rekenaarwetenskap (2FF H25 - N301P)
 - Rekenaarwetenskap en Statistiek (2FF H26 - N301P)
 - Rekenaarwetenskap en Wiskunde (2FF H09 - N301P)
 - Rekenaarwetenskap en Ekonomie (2FF H28 - N301P)
 - Wiskunde en Ekonomie (2FF H29 - N301P)
 - Geografie en Toegepaste Wiskunde (2FF H30 - N301P)
 - Statistiek en Wiskunde (2FG H02 - N301P)
 - Wiskunde (2FG H01 - N301P)
 - Kwantitatiewe Risikobestuur (2FT H01 - N301P)
 - Finansiële Wiskunde (2FS H01 - N301P)
 - Bedryfsanalise (2FR H01 - N301P)
 - Aktuariële Wetenskap (2FQ H01 - N301P)
 - Inligtingstegnologie en rekenaarwetenskap (2DX H01 - N302P) indien MTHS111 neem
 - ASV Ad Vivendum (E8 K41, English E8 G01)
 - Biochemie en Chemie (2FF H06 - N301P)
 - Mikrobiologie en Biochemie (2DK H11 - N301P)
 - Plantkunde en Biochemie (2DK H02 - N302P)
 - Dierkunde en Biochemie (2DK H07 - N302P)
 - Chemie en Fisiologie (2DK H06 - N302P)
 - Mikrobiologie en Chemie (2DJ H10 - N301P)
 - Plantkunde en Chemie (2DJ H03 - N302P)
 - Dierkunde en Chemie (2DJ H04 - N302P)
 - Geologie en Chemie (2DJ H07 - N302P)
 - ASV BSV (E8 K40, English E8 G01)
 - Stads- en Streekbeplanning (2FE K01 - N401P)
 - Fakulteit Gesondheidswetenskappe (ASV Viviente) (E8 K40, English E8 G01)
 - Fisiologie en Biochemie (8DJ H01 - G301P)
- Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (ASV Cuvinte) (E8 G34, English E8 G01)
 - Enige BA met Wiskunde as keusevak
- Fakulteit Opvoedkunde (ASV Educo) (E8 G41)
 - BEd Snr/VOO met Wiskunde as 'n spesialisasie vak (4BN J01/03/04/07/08/13/14)
 - Bed Snr/VOO Meganiese, Elektriese en Siviele Tegnologie-onderwys (4BN J17/18/19)
- Studente deur Toelatingskantoor of Fakulteitsbestuurders aangesê om die kursus te loop met die oog op toelating. (E8 K40, English E8 G01)